DIE RAPPORTRYERBEWEGING
NASIONALE BYBELVASVRAKAMPIOENSKAPPE – 2001
UITDUNRONDTE

VRAESTEL

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING A MEERVOUDIGE KEUSEVRAE

Omkring die nommer van die regte antwoord.
Geen Bybel mag gebruik word nie.
Elke vraag tel **een** punt.

TYDSDUUR : 12 minute

PUNTETELLING : 40 punte

1 Waarheen het die twee verkenners gevlug nadat hulle uit Jerigo weg is? (1)

(a) Die Jordaan se driwwe (b) Berge (c) Die Israeliete se kamp

2 By watter plek het die Israeliete kamp opgeslaan nadat hulle deur die Jordaan is? (1)

(a) Gilgal (b) Adam (c) Sittim

3 In die stad Jerigo is daar goed wat aan die Here behoort. Wat word dit genoem? (1)

(a) Gewyde goed (b) Offers (c) Buit

4 Wat het die manne van Ai gesien toe hulle terugkyk? (1)

(a) Rook (b) Israeliete (c) Haelstene

5 Watter plek se inwoners het deur ’n skelmstreek dit reggekry om ’n verdrag met Josua te sluit? (1)

(a) Hasor (b) Jerusalem (c) Gibeon

6 Waar het die vyf Amoritiese konings gaan wegkruip? (1)

(a) in ’n put (b) in ’n grot (c) onder vlas

7 By watter groep boeke van die Ou Testament word die boek Josua gereken? (1)

(a) Digterlike boeke (b) Vroeë Profete (c) Priesterlike boeke

8 Ongeveer wanneer speel die gebeure wat in die boek beskryf word af? (1)

(a) 1800 jaar voor Christus (b) 900 jaar voor Christus (c) 1300 jaar voor Christus

9 Waardeur is die meeste van die vyf Amoritiese konings se soldate gedood in hulle geveg teen die Israeliete? (1)

(a) mure van stad val in (b) swaard van Israeliete (c) haelstene uit die lug

10 Wat noem ’n mens ’n plek wat beskou word as ’n stukkie van die stad Rome op vreemde grondgebied? (1)

(a) wyk (b) provinsie (c) kolonie

11 Uit watter stad, waar Paulus ongeveer in die jaar 61 na Christus in die tronk was, is die sogenaamde gevangenskapsbriewe geskryf? (1)

(a) Seserea (b) Rome (c) Efese

12 Wanneer het die Vader van ons Here Jesus Christus ons uitverkies? (1)

(a) toe ons gedoop is (b) voordat die wêreld geskep is (c) toe ons gebore is

13 Wat is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het? (1)

(a) Die Heilige Gees (b) Ons belydenis (c) Ons geloof

14 Voltooi die vers: “Julle is inderdaad uit genade gered, ……." (1)

(a) deur julle goeie lewenswandel (b) deur innige broederliefde (c) deur geloof

15 Wie is volgens Paulus die geringste van al die gelowiges? (1)

(a) Epafroditos (b) Hyself (Paulus) (c) Groot sondaars

16 Wat is aan elkeen van ons (aan elke gelowige) gegee? (1)

(a) ’n genadegawe (b) voharding (c) geduld

17 **Voltooi**: In Christus se liggaam (die kerk), pas die verskillende liggaamsdele bymekaar en vorm ’n eenheid. Elkeen vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op …… (1)

(a) met volharding (b) in liefde (c) om groot te word

18 Van watter stam was die apostel Paulus? (1)

(a) Juda (b) Benjamin (c) Ruben

19 Wat wil Paulus bereik as hy hom hard inspan om alles wat Jesus Christus vir hom gee, sy eie te maak? (1)

(a) ware geloof (b) sondeloosheid (c) die wenstreep

20 Voltooi: Paulus noem die gemeente van Filippi sy blydskap en sy …… (1)

(a) kroon (b) verlange (c) trots

21 Watter spesifieke opdrag gee die apostel Paulus aan Euodia en Sintige? (1)

(a) hulle moet bly wees (b) hulle moet eensgesind wees (c) hulle moet moedhou

22 Wat sal die wag hou oor die hart en gedagte van iemand wat opreg tot God bid? (1)

(a) God se engele (b) Die waarheid (c) God se vrede

23 Waarmee moet eienaars van slawe ophou? (1)

(a) om hulle te slaan (b) om hulle te dreig (c) om hulle te kul

24 Voltooi: "Wees …… mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het." (1)

(a) geduldig met (b) liefdevol teenoor (c) dankbaar teenoor

25 Hoe is Ragab se huis uitgeken toe die stad verwoes is? (1)

(a) rooi lantern (b) rooi tou (c) rooi wolvlies

26 Wat sou gebeur met die persoon wat Jerigo probeer herbou? (1)

(a) sal dit nie regkry nie (b) sal self dood neerslaan (c) sy kinders sal sterf

27 Wie was die mense wat Josua in die berge uitgeroei het en waarvan daar net in die kusstreke (Gasa, Gat en Asdod) oorgebly het? (1)

(a) Hewiete (b) Enakiete (c) Filistyne

28 Wat is God se verborge plan (geheimenis) wat Hy al die eeue geheim laat bly het? (1)

(a) die Redder kom na hierdie wêreld toe (b) ook nie-Jode word deel van God se volk

(c) 'n mens word slegs uit genade gered

29 Growwe, ligsinnige en vuil pas nie by gelowiges nie. Hierdie dinge moet deur iets anders vervang word. Wat is dit? Wat pas by gelowiges? (1)

(a) Swye (om stil te bly) (b) goeie dade (c) dank aan God

30 Wie het die gelowiges in Kolosse in die evangelie onderrig en was waarskynlik die stigter van die gemeente? (1)

(a) Timoteus (b) Epafras (c) Paulus

31 Waarmee begin Efesiërs en Kolossense? (1)

(a) Lofgedig (b) Ernstige vermaning (c) Groeteboodskappe

32 Watter gemeente het vir Paulus versorg na sy vertrek uit Masedonië?

(a) Efese (b) Filippi (c) Kolosse

33 Volooi die vers: "God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ……." (1)

(a) werk (b) getuig (c) ly

34 Wat het Josua met die koning van Ai gedoen? (1)

(a) aan ’n boom opgehang (b) onthoof (kop afgekap) (c) met klippe laat doodgooi

35 Die gelowiges is ’n geestelike huis waarin God woon. Wie is die **hoeksteen** van dié gebou? (1)

(a) die apostels (b) Christus Jesus (c) herders en leraars

36 Wat is die band wat gelowiges tot volmaakte eenheid saambind? (1)

(a) liefde (b) geloof (c) hoop

37 Voltooi: Mans moet hulle eie vrouens liefhê soos …… (1)

(a) hulle eie kinders (b) hulle eie liggame (c) hulle die Here liefhet

38 Elke man moet sy vrou liefhê en sy moet aan hom …….. betoon. (1)

(a) gehoorsaamheid (b) liefde (c) eerbied

39 Vir wie stuur Paulus saam met sy brief sodat die Kolossense kan hoor hoe dit met hom (Paulus) gaan en nie meer bekommerd hoef te wees nie? (1)

(a) Tigikus (b) Lukas (c) Sintige

40 Wie besef al hoe meer dat Paulus ter wille van Christus ’n gevangene is? (1)

(a) die keiserlike wag (b) sy helpers (c) die goewerneur

UITDUNRONDTE

VRAESTEL

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING B KORT VRAE

Skryf die antwoorde in die toegelate spasie.
Geen Bybel mag gebruik word nie.
Elke vraag tel **een** punt tensy anders aangedui.

TYDSDUUR : 15 minute
PUNTETELLING : 40 punte

1 Noem **twee** stamme van Israel wie se vrouens en kinders **nie** deur die Jordaan getrek het nie omdat hulle grondgebied duskant (oos van) die Jordaan was.

…… . ..... (2)

2 Waarheen het die Israeliete die silwer en goud en die brons- en ystergoed van die stad Jerigo geneem, nadat die stad vernietig is?

..... (1)

3 Noem drie maniere waarop Josua en die leiers van Israel gewys het dat hulle jammer is oor dit wat met-die Israeliete by Ai gebeur het.

.....

.....

.....(3)

4 Watter **twee** soorte werk moes die Gibeoniete altyd vir die Israeliete en vir die altaar doen?

…… ..... (2)

5 Die middelste deel van die boek Josua (hoofstuk 13-21) handel oor die …… van die beloofde land.

..... (1)

6 Watter twee briewe van Paulus kan as “tweelingbriewe” beskou word?

..... (1)

7 Wat is die swaard van die Gees?

..... (1)

8 Die brief aan die Efesiërs was waarskynlik ’n …….. aan die gemeentes van Klein-Asië.

..... (1)

9 Verskaf die ontbrekende woorde: Jesus het Jode en nie-Jode tot …… verenig.

..... (1)

10 Wat het Christus saamgeneem toe Hy na die hoogte opgevaar het?

..... (1)

11 Wat was Christus se doel met die mense wat hy as “gawes” aan sy kerk gegee het? Noem twee dinge.

.....

..... (2)

12 Hoe mag gelowiges nie ’n dag afsluit nie?

..... (1)

13 Hoe ons as gelowiges optree teenoor mense wat ons met allerlei onwaarhede mislei?

..... (1)

14 Waardeur moet ons as gelowiges vervul word, in plaas daarvan dat ons ons aan drank te buite gaan?

..... (1)

15 Waardeur het God die vrede herstel?

..... (1)

16 Paulus begin sy brief aan die gemeente van Filippi deur te sê dat hy skryf aan wat deur Christus Jesus aan God behoor. Hy noem dan spesifiek twee groepe mense in die gemeente. Wie is hierdie twee groepe mense in die gemeente van Filippi?

..... (1)

17 Die brief aan die Filippense staan bekend as die "brief van die blydskap" en kan ook die "……."-brief genoem word.

..... (1)

18 **WAT** is aan die kruis gespyker toe Christus aan die kruis gespyker is?

..... (1)

19 Wat noem die apostel Paulus die eet- en drinkwettte en die voorskrifte oor feeste en die sabbat?

..... (1)

20 Wat gebeur as vaders gedurig by hulle kinders fout soek?

..... (1)

21 Teenoor watter mense moet daar spesifiek met wysheid opgetree word?

..... (1)

22 In watter Bybelboek en hoofstuk kom die gedeelte oor die Christen se wapenrusting voor?

..... (1)

23 Noem **twee** positiewe vereistes wat word gestel vir dit wat gelowiges sê. Met ander woorde, noem twee dinge wat ons wel moet doen wanneer ons praat.

.....

..... (2)

24 Paulus bid dat die Filippense sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat hulle sekere dinge sal kan onderskei. Hoe word hierdie dinge genoem?

..... (1)

25 Watter brief beklemtoon veral onderlinge **liefde** by die **opbou** van die gemeente?

..... (1)

26 Waarmee kan Paulus voortgaan as hy bly lewe?

..... (1)

27 Wat moet die gemeente van Filippi doen sodat Paulus se blydskap volkome kan wees?

..... (1)

28 Hoe het Jesus Christus homself "verder verneder" volgens Paulus se brief aan die Filippense? Met ander woorde: Wat was sy se diepste vernedering?

..... (1)

29 Wat moet elke tong erken, nou dat Jesus Christus die Naam ontvang het wat bo elke naam is?

..... (1)

30 Hoe tree gelowiges op as ligdraers in hierdie wêreld?

..... (1)

31 Wat het met Epafroditos gebeur terwyl hy vir Paulus besoek het?

..... (1)

32 Wanneer is die apostel Paulus besny?

..... (1)

33 Wat moet ons aan God bekendmaak as ons bid en smeek?

..... (1)

34 Wie het met 'n ontblote swaard voor Josua gestaan voordat Jerigo ingeneem is?

..... (1)

DIE RAPPORTRYERBEWEGING
NASIONALE BYBELVASVRAKAMPIOENSKAPPE – 2001
UITDUNRONDTE

VRAESTEL

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING C VOLTOOI DIE VERSE

Vul die ontbrekende woorde in **en** skryf die teksverwysing tussen hakkies neer.
Bybels word in hierdie afdeling gebruik.
Elke **inskrywing** tel **een** punt.

TYDSDUUR : 10 minute
PUNTETELLING : 25 punte

1 "Dit moet heeltemal uitgedelg word as 'n ……..... vir die Here: Die stad en al wat daarin is, ……. aan die Here." (**Teks**: .....) (3)

2 "Daarna het Josua alles wat die wet sê, die …….. sowel as die ……. voorgelees, net soos dit geskryf staan in die wetboek." (**Teks**: .....) (3)

3 "Wees veral sterk en ……..…….. in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het." (**Teks**: .....) (2)

4 "Christus is ons ……., Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n …….. skeiding gemaak het". (**Teks**: .....) (3)

5 "Mag julle in staat wees om ……..…… te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die …….. van Christus strek."
(**Teks**: .....) (3)

6 "…want om te lewe, is vir my ……, en om te sterwe, is vir my …..……." (**Teks**: .....) (3)

7 "Tree onder hulle op as ……..….. in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra." (**Teks**: .....) (2)

8 "….ja, nog meer: ek beskou alles as ……..….. , want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde." (**Teks**: .....) (2)

9 "Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te …….. . (**Teks**: .....) (2)

10 "Rig julle gedagtes op ……..…., nie op die dinge wat op die aarde is nie." (**Teks**: .....) (2)

DIE RAPPORTRYERBEWEGING
NASIONALE BYBELVASVRAKAMPIOENSKAPPE – 2001
UITDUNRONDTE

VRAESTEL

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING D PASMAATS

Soek die woord in kolom A en B wat bymekaar pas (kom in dieselfde vers voor).
Skryf dan die nommer van die A-kolom regoor die woord wat in die B-kolom met hom pas.
Skryf daaragter die teks waar die woorde **in een teks** voorkom.
Bybels word in hierdie afdeling gebruik.
Elke pasmaat (PAS) en elke teksverwysing tel **een** punt.

TYDSDUUR : 10 minute

PUNTETELLING : 30 punte

Vul in ↓ Vul in ↓

KOLOM A		PAS	KOLOM B	TEKSVERWYSING
1	Klippe		Gerisim	
2	Filippi		Akorlaagte	
3	Geloof		Engele	
4	Klipmesse		Masedonië	
5	Ebal		Vatkans	
6	Laodisense		Brief	
7	Lukas		Skild	
8	Triomftog		Besny	
9	Burgers		Gevangenes	
10	Hoof		Hasor	
11	Wynsakke		Dokter	
12	Aanbidding		Hemel	
13	Duiwel		Afgodery	

14	Leiersposisie		Barste	
15	Gierigheid		Man	

DIE RAPPORTRYERBEWEGING
NASIONALE BYBELVASVRAKAMPIOENSKAPPE – 2001
UITDUNRONDTE

VRAESTEL

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING E RESIES OPSOEK

Bybels word in hierdie afdeling gebruik. |
Soek die woorde in die **hele** Bybel op volgens die leidrade (punt 1 tot 13).
Rangskik daarna die woorde dat dit 'n vraag vorm (punt 14)
Beantwoord dan die vraag (punt 15).
Die span wat eerste klaar is en volledig korrek is, kry EEN BONUSPUNT.

TYDSDUUR : 3 minute
PUNTETELLING : 15 punte (plus een moontlike bonuspunt).

MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TYDHOUER SO SÊ NIE.

TEKSVERWYSING		WOORD	ANTWOORD *(VUL IN)*	
1	Markus 8:5	die VYFDE woord		(1)
2	Jeremia 2:3	die EERSTE woord		(1)
3	Eksodus 23:14	die TWEEDE woord		(1)
4	Johannes 1:48	die NEGENDE woord		(1)
5	Jesaja 46:1	die DERDE woord		(1)
6	Rut 1:4	die VIERDE woord		(1)
7	Daniël 12:12	die VIERDE woord		(1)
8	Romeine 11:16	die TWEEDE woord		(1)

9	Handelinge 22:29	die SESDE woord		(1)
10	Matteus 1:17	die EERSTE woord		(1)
11	Amos 1:7	die SESDE woord		(1)
12	Galasiërs 5:1	die SESDE woord		(1)
13	2 Konings 2:5	die VIERDE woord		(1)
14	**Vraag** *(formuleer 'n vraag na aanleiding van bostaande antwoorde)*	....		(1)
15	**Antwoord** *(gee die antwoord op bostaande vraag)*	.....		(1)

DIE RAPPORTRYERBEWEGING
NASIONALE BYBELVASVRAKAMPIOENSKAPPE – 2001
UITDUNRONDTE

MEMORANDUM

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING F MEERVOUDIGE KEUSEVRAE

Omkring die nommer van die regte antwoord.
Geen Bybel mag gebruik word nie.
Elke vraag tel **een** punt.

TYDSDUUR : 12 minute

PUNTETELLING : 40 punte

16 Waarheen het die twee verkenners gevlug nadat hulle uit Jerigo weg is?

(a) Die Jordaan se driwwe (b) ***Berge*** (c) Die Israeliete se kamp

(Josua 2:22)

17 By watter plek het die Israeliete kamp opgeslaan nadat hulle deur die Jordaan is?

(a) ***Gilgal*** (b) Adam (c) Sittim

(Josua 4:19; 9:6; ens.) ..... (1)

18 In die stad Jerigo is daar goed wat aan die Here behoort. Wat word dit genoem?

(a) ***Gewyde goed*** (b) Offers (c) Buit

(Josua 7:12-15) ..... (1)

19 Wat het die manne van Ai gesien toe hulle terugkyk?

(a) ***Rook*** (b) Israeliete (c) Haelstene

(Josua 8:20) ..... (1)

20 Watter plek se inwoners het deur 'n skelmstreek dit reggekry om 'n verdrag met Josua te sluit?

(a) Hasor (b) Jerusalem (c) ***Gibeon***

(Josua 9:15) ..... (1)

21 Waar het die vyf Amoritiese konings gaan wegkruip?

(a) in ’n put (b) ***in ’n grot*** (c) onder vlas

(Josua 10:16) ..... (1)

22 By watter groep boeke van die Ou Testament word die boek Josua gereken?

(a) Digterlike boeke (b) ***Vroeë Profete*** (c) Priesterlike boeke

(Agtergrondskets) ..... (1)

23 Ongeveer wanneer speel die gebeure wat in die boek beskryf word af?

(a) 1800 jaar voor Christus (b) 900 jaar voor Christus (c) ***1300 jaar voor Christus***

(Agtergrondskets) ..... (1)

24 Waardeur is die meeste van die vyf Amoritiese konings se soldate gedood in hulle geveg teen die Israeliete?

(a) mure van stad val in (b) swaard van Israeliete (c) ***haelstene uit die lug***

(Josua 10:11) ..... (1)

25 Wat noem ’n mens ’n plek wat beskou word as ’n stukkie van die stad Rome op vreemde grondgebied?

(a) wyk (b) provinsie (c) ***kolonie***

(Agtergrondsvrae) ..... (1)

26 Uit watter stad, waar Paulus ongeveer in die jaar 61 na Christus in die tronk was, is die sogenaamde gevangenskapsbriewe geskryf?

(a) Seserea (b) ***Rome*** (c) Efese

(Agtergrondsvrae) ..... (1)

27 Wanneer het die Vader van ons Here Jesus Christus ons uitverkies?

(a) toe ons gedoop is (b) ***voordat die wêreld geskep is*** (c) toe ons gebore is

(Efesiërs 1:4) ..... (1)

28 Wat is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het?

(a) ***Die Heilige Gees*** (b) Ons belydenis (c) Ons geloof

(Efesiërs 1:14) ..... (1)

29 Voltooi die vers: “Julle is inderdaad uit genade gered, ……."

(a) deur julle goeie lewenswandel (b) deur innige broederliefde (c) ***deur geloof***

(Efesiërs 2:8) ..... (1)

30 Wie is volgens Paulus die geringste van al die gelowiges?

(a) Epafroditos (b) ***Hyself (Paulus)*** (c) Groot sondaars

(Efesiërs 3:8) ..... (1)

31 Wat is aan elkeen van ons (aan elke gelowige) gegee?

(a) ***’n genadegawe*** (b) voharding (c) geduld

(Efesiërs 4:7) ..... (1)

32 **Voltooi**: In Christus se liggaam (die kerk), pas die verskillende liggaamsdele bymekaar en vorm ’n eenheid. Elkeen vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op ……

(a) met volharding (b) ***in liefde*** (c) om groot te word

(Efesiërs 4:16) ..... (1)

33 Van watter stam was die apostel Paulus?

(a) Juda (b) ***Benjamin*** (c) Ruben

(Filippense 3:5) ..... (1)

34 Wat wil Paulus bereik as hy hom hard inspan om alles wat Jesus Christus vir hom gee, sy eie te maak?

(a) ware geloof (b) sondeloosheid (c) ***die wenstreep***

(Filippense 3:14) ..... (1)

35 Voltooi: Paulus noem die gemeente van Filippi sy blydskap en sy ……

(a) ***kroon*** (b) verlange (c) trots

(Filippense 4:1) ..... (1)

36 Watter spesifieke opdrag gee die apostel Paulus aan Euodia en Sintige?

(a) hulle moet bly wees (b) ***hulle moet eensgesind wees*** (c) hulle moet moedhou

(Filippense 4:2) ..... (1)

37 Wat sal die wag hou oor die hart en gedagte van iemand wat opreg tot God bid?

(a) God se engele (b) Die waarheid (c) ***God se vrede***

(Filippense 4:7) ..... (1)

38 Waarmee moet eienaars van slawe ophou?

(a) om hulle te slaan (b) ***om hulle te dreig*** (c) om hulle te kul

(Efesiërs 6:9) ..... (1)

39 Voltooi: "Wees …… mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het."

(a) ***geduldig met*** (b) liefdevol teenoor (c) dankbaar teenoor

(Kolossense 3:13) ..... (1)

40 Hoe is Ragab se huis uitgeken toe die stad verwoes is?

(a) rooi lantern (b) ***rooi tou*** (c) rooi wolvlies

(Josua 2:17) ..... (1)

41 Wat sou gebeur met die persoon wat Jerigo probeer herbou?

(a) sal dit nie regkry nie (b) sal self dood neerslaan (c) ***sy kinders sal sterf***

(Josua 6:26) ..... (1)

42 Wie was die mense wat Josua in die berge uitgeroei het en waarvan daar net in die kusstreke (Gasa, Gat en Asdod) oorgebly het?

(a) Hewiete (b) ***Enakiete*** (c) Filistyne

(Josua 11:21-22) ..... (1)

43 Wat is God se verborge plan (geheimenis) wat Hy al die eeue geheim laat bly het?

(a) die Redder kom na hierdie wêreld toe (b) ***ook nie-Jode word deel van God se volk***

(c) 'n mens word slegs uit genade gered

(Efesiërs 3:6) ..... (1)

44 Growwe, ligsinnige en vuil pas nie by gelowiges nie. Hierdie dinge moet deur iets anders vervang word. Wat is dit? Wat pas by gelowiges?

(a) Swye (om stil te bly) (b) goeie dade (c) ***dank aan God***

(Efesiërs 5:4) ..... (1)

45 Wie het die gelowiges in Kolosse in die evangelie onderrig en was waarskynlik die stigter van die gemeente?

(a) Timoteus (b) ***Epafras*** (c) Paulus

(Kolossense 1:6-7; Agtergrondsvrae) ..... (1)

46 Waarmee begin Efesiërs en Kolossense

(a) ***Lofgedig*** (b) Ernstige vermaning (c) Groeteboodskappe

(Agtergrondsvrae) ..... (1)

47 Watter gemeente het vir Paulus versorg na sy vertrek uit Masedonië?

(a) Efese (b) ***Filippi*** (c) Kolosse

(Filippense 4:15) ..... (1)

48 Volooi die vers: "God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ……..."

(a) werk (b) getuig (c) ***ly***

(Filippense 1:29) ..... (1)

49 Wat het Josua met die koning van Ai gedoen?

(a) ***aan 'n boom opgehang*** (b) onthoof (kop afgekap) (c) met klippe laat doodgooi

(Josua 8:29). ..... (1)

50 Die gelowiges is 'n geestelike huis waarin God woon. Wie is die **hoeksteen** van dié gebou?

(a) die apostels (b) ***Christus Jesus*** (c) herders en leraars

(Efesiërs 2:20) ..... (1)

51 Wat is die band wat gelowiges tot volmaakte eenheid saambind?

(a) ***liefde*** (b) geloof (c) hoop

(Kolossense 3:14) ..... (1)

52 Voltooi: Mans moet hulle eie vrouens liefhê soos ……

(a) hulle eie kinders (b) ***hulle eie liggame*** (c) hulle die Here liefhet

(Efesiërs 5:28) ..... (1)

53 Elke man moet sy vrou liefhê en sy moet aan hom …….. betoon.

(a) gehoorsaamheid (b) liefde (c) ***eerbied***

(Efesiërs 5:32) ..... (1)

54 Vir wie stuur Paulus saam met sy brief sodat die Kolossense kan hoor hoe dit met hom (Paulus) gaan en nie meer bekommerd hoef te wees nie?

(a) ***Tigikus*** (b) Lukas (c) Sintige

(Kolossense 4:7-8) ..... (1)

55 Wie besef al hoe meer dat Paulus ter wille van Christus 'n gevangene is?

(a) ***die keiserlike wag*** (b) sy helpers (c) die goewerneur

(Filippense 1:13) ..... (1)

UITDUNRONDTE

MEMORANDUM

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING G KORT VRAE

Skryf die antwoorde in die toegelate spasie.
Geen Bybel mag gebruik word nie.
Elke vraag tel **een** punt tensy anders aangedui.

TYDSDUUR : 15 minute
PUNTETELLING : 40 punte

56 Noem **twee** stamme van Israel wie se vrouens en kinders **nie** deur die Jordaan getrek het nie omdat hulle grondgebied duskant (oos van) die Jordaan was.

Twee van die volgende drie: (1) Ruben, (2) Gad en(3) die halwe Manassestam (Josua 1:12-14). ..... (2)

57 Waarheen het die Israeliete die silwer en goud en die brons- en ystergoed van die stad Jerigo geneem, nadat die stad vernietig is?

Die skatkis van die Here / Die skatkis van die huis van die Here (Josua 6:19 en 6:24) (1)

58 Noem drie maniere waarop Josua en die leiers van Israel gewys het dat hulle jammer is oor dit wat met-die Israeliete by Ai gebeur het.

(1) klere geskeur, (2) met die gesig in die grond gelê, (3) stof op hulle koppe gegooi... (Josua 6:6).Indien genoem word dat hulle gebid het kan dit ook as een van die drie punte geneem word. (Josua 7:6) .....(3)

59 Watter **twee** soorte werk moes die Gibeoniete altyd vir die Israeliete en vir die altaar doen?

(a) hout kap en (b) water dra (Josua 9:23 & 27) ..... (2)

60 Die middelste deel van die boek Josua (hoofstuk 13-21) handel oor die …… van die beloofde land.

Verdeling (Agtergrondskets)..... (1)

61 Watter twee briewe van Paulus kan as “tweelingbriewe” beskou word?

Efesiërs en Kolossense (albei moet genoem word vir een punt) (Agtergrondsvrae) . (1)

62 Wat is die swaard van die Gees?

Die woord van God (Efesiërs 6:17) ..... (1)

63 Die brief aan die Efesiërs was waarskynlik ’n …….. aan die gemeentes van Klein-Asië.

Omsendskrywe (Agtergrondsvrae) ..... (1)

64 Verskaf die ontbrekende woorde: Jesus het Jode en nie-Jode tot …… verenig.

Enige van die volgende twee: een nuwe mensheid (Efesiërs 2:15) / een liggaam (Efesiërs 2:16) ..... (1)

65 Wat het Christus saamgeneem toe Hy na die hoogte opgevaar het?

Krygsgevangenes (Efesiërs 4:8) ..... (1)

66 Wat was Christus se doel met die mense wat hy as “gawes” aan sy kerk gegee het? Noem twee dinge.

om die gelowiges toe te rus vir hulle diens .....

vir die opbou van sy liggaam (Efesiërs 4:12) ..... (2)

67 Hoe mag gelowiges nie ’n dag afsluit nie?

Kwaad (Efesiërs 4:26) ..... (1)

68 Hoe ons as gelowiges optree teenoor mense wat ons met allerlei onwaarhede mislei?

Ons moet met hulle niks te doen hê nie (Efesiërs 5:7) ..... (1)

69 Waardeur moet ons as gelowiges vervul word, in plaas daarvan dat ons ons aan drank te buite gaan?

die Gees (Efesiërs 5:18) ..... (1)

70 Waardeur het God die vrede herstel?

Die bloed van sy Seun (Kolossense 1:20) ..... (1)

71 Paulus begin sy brief aan die gemeente van Filippi deur te sê dat hy skryf aan wat deur Christus Jesus aan God behoor. Hy noem dan spesifiek twee groepe mense in die gemeente. Wie is hierdie twee groepe mense in die gemeente van Filippi?

ouderlinge en diakens (Filippense 1:1) ..... (1)

72 Die brief aan die Filippense staan bekend as die "brief van die blydskap" en kan ook die "……"-brief genoem word.

nogtans (Agtergrondsvrae) ..... (1)

73 WAT is aan die kruis gespyker toe Christus aan die kruis gespyker is?

die skuldbewys teen ons (kan ook byvoeg: met al sy eise) (Kolossense 2:14) ..... (1)

74 Wat noem die apostel Paulus die eet- en drinkwettte en die voorskrifte oor feeste en die sabbat?

die skaduwee van wat sou kom (Kolossense 2:16-17) ..... (1)

75 Wat gebeur as vaders gedurig by hulle kinders fout soek?

hulle word moedeloos (Kolossense 3:21) ..... (1)

76 Teenoor watter mense moet daar spesifiek met wysheid opgetree word?

dié wat nog buite die gemeente is (Kolossense 4:5) ..... (1)

77 In watter Bybelboek en hoofstuk kom die gedeelte oor die Christen se wapenrusting voor?

Efesiërs 6 (boek en hoofstuk moet reg wees vir een punt) (Vgl ook die Agtergrondskets) ..... (1)

78 Noem twee positiewe vereistes wat word gestel vir dit wat gelowiges sê. Met ander woorde, noem twee dinge wat ons wel moet doen wanneer ons praat.

Twee ***van die volgende: (1) moet vriendelik wees (Kolossense 4:6); (2) moet van goeie smaak getuig (Kolossense 4:6); (3) moet goed en opbouend wees / hoorders ten goede kom (Efesiërs 4:29)***

.....

..... (2)

79 Paulus bid dat die Filippense sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat hulle sekere dinge sal kan onderskei. Hoe word hierdie dinge genoem?

dinge waarop dit werklik aankom (Filippense 1:10) ..... (1)

80 Watter brief beklemtoon veral onderlinge **liefde** by die **opbou** van die gemeente?

Efesiërs (Agtergrondskets) ..... (1)

81 Waarmee kan Paulus voortgaan as hy bly lewe?

Vrugbare arbeid (Filippense 1:22) ..... (1)

82 Wat moet die gemeente van Filippi doen sodat Paulus se blydskap volkome kan wees?

Hulle moet eensgesind wees (Filippense 2:2) ..... (1)

83 Hoe het Jesus Christus homself "verder verneder" volgens Paulus se brief aan die Filippense? Met ander woorde: Wat was sy se diepste vernedering?

(deur) die dood aan die kruis. (Filippense 2:8) ..... (1)

84 Wat moet elke tong erken, nou dat Jesus Christus die Naam ontvang het wat bo elke naam is?

"Jesus Christus is Here!" (Filippense 2:11) ..... (1)

85 Hoe tree gelowiges op as ligdraers in hierdie wêreld?

Deur ***die woord van die lewe uit te dra. (Filippense 2:15-16. Verwysing na "woord" én "uitdra" of "verkondig" word hier vereis).*** ..... (1)

86 Wat het met Epafroditos gebeur terwyl hy vir Paulus besoek het?

hy was (baie) siek / hy het by die dood omgedraai (Filippense 2:27, 30) ..... (1)

87 Wanneer is die apostel Paulus besny?

op die agste dag (Filippense 3:5) ..... (1)

88 Wat moet ons aan God bekendmaak as ons bid en smeek?

ons begeertes (wat ons graag wil hê) (Filippense 4:6) ..... (1)

89 Wie het met 'n ontblote swaard voor Josua gestaan voordat Jerigo ingeneem is?

die aanvoerder van die leër van die Here (Josua 5:14) ..... (1)

DIE RAPPORTRYERBEWEGING
NASIONALE BYBELVASVRAKAMPIOENSKAPPE – 2001
UITDUNRONDTE

MEMORANDUM

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING H VOLTOOI DIE VERSE

Vul die ontbrekende woorde in **en** skryf die teksverwysing tussen hakkies neer.
Bybels word in hierdie afdeling gebruik.
Elke **inskrywing** tel **een** punt.

TYDSDUUR : 10 minute
PUNTETELLING : 25 punte

90 "Dit moet heeltemal uitgedelg word as 'n …….. ***(banoffer)*** vir die Here: Die stad en al wat daarin is, …….. ***(behoort)*** aan die Here." ***(Josua 6:17)*** (3)

91 "Daarna het Josua alles wat die wet sê, die …….. ***(seën)*** sowel as die ……. ***(straf)*** voorgelees, net soos dit geskryf staan in die wetboek." ***(Josua 8:34)*** (3)

92 "Wees veral sterk en …….. ***(baie vasberade)*** in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het." ***(Josua 1:7)***

93 "Christus is ons ……***(vrede***), Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n …… ***(muur***) skeiding gemaak het". ***(Efesiërs 2:14)***

94 "Mag julle in staat wees om ……***(saam met al die gelowiges)*** te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die ……..***(liefde)*** van Christus strek." ***(Efesiërs 3:18).***

95 "…want om te lewe, is vir my ……***(Christus)***, en om te sterwe, is vir my …..…….***(wins)***." ***(Filippense 1:21).***

96 "Tree onder hulle op as …….. ***(ligdraers)*** in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra." ***(Filippense 2:15-16).***

97 "….ja, nog meer: ek beskou alles as …….. ***(waardeloos)*** , want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde." ***(Filippense 3:8)*** (

98 "Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te …….. ***(behelp)***." ***(Filippense 4:11)***

99 "Rig julle gedagtes op ……..*(die dinge wat daarbo is)*, nie op die dinge wat op die aarde is nie." *(Kolossense 3:2)*

DIE RAPPORTRYERBEWEGING
NASIONALE BYBELVASVRAKAMPIOENSKAPPE – 2001
UITDUNRONDTE

MEMORANDUM

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING I PASMAATS

Soek die woord in kolom A en B wat bymekaar pas (kom in dieselfde vers voor).
Skryf dan die nommer van die A-kolom regoor die woord wat in die B-kolom met hom pas.
Skryf daaragter die teks waar die woorde **in een teks** voorkom.
Bybels word in hierdie afdeling gebruik.
Elke pasmaat (PAS) en elke teksverwysing tel **een** punt.

TYDSDUUR : 10 minute

PUNTETELLING : 30 punte

Vul in ↓ Vul in ↓

KOLOM A	PAS	KOLOM B	TEKSVERWYSING
100 Klippe	*5*	Gerisim	*Josua 8:33*
101 Filippi	*1*	Akorlaagte	*Josua 7:26*
102 Geloof	*12*	Engele	*Kolossense 2:18*
103 Klipmesse	*2*	Masedonië	*Filippense 4:15*
104 Ebal	*13*	Vatkans	*Efesiërs 4:27*
105 Laodisense	*6*	Brief	*Kolossense 4:16*
106 Lukas	*3*	Skild	*Efesiërs 6:16*
107 Triomftog	*4*	Besny	*Josua 5:2 (of 5:3)*
108 Burgers	*8*	Gevangenes	*Kolossense 2:15*
109 Hoof	*14*	Hasor	*Josua 11:10*
110 Wynsakke	*7*	Dokter	*Kolossense 4:14*
111 Aanbidding	*9*	Hemel	*Filippense 3:20*
112 Duiwel	*15*	Afgodery	*Efesiërs 5:5*

113 Leiersposisie	*11*	Barste	*Josua 9:13*
114 Gierigheid	*10*	Man	*Efesiërs 5:23*

DIE RAPPORTRYERBEWEGING
NASIONALE BYBELVASVRAKAMPIOENSKAPPE – 2001
UITDUNRONDTE

MEMORANDUM

Josua 1-11; Efesiërs 1-6; Filippense 1-4; Kolossense 1-4

Skool/ gemeente en nr: .....

Spanlede: .....

.....

.....

.....

AFDELING J RESIES OPSOEK

Bybels word in hierdie afdeling gebruik. |
Soek die woorde in die **hele** Bybel op volgens die leidrade (punt 1 tot 13).
Rangskik daarna die woorde dat dit 'n vraag vorm (punt 14)
Beantwoord dan die vraag (punt 15).
Die span wat eerste klaar is en volledig korrek is, kry EEN BONUSPUNT.

TYDSDUUR : 3 minute
PUNTETELLING : 15 punte (plus een moontlike bonuspunt).

MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TYDHOUER SO SÊ NIE.

TEKSVERWYSING	WOORD	ANTWOORD *(VUL IN)*	
115 Markus 8:5	die VYFDE woord	*HOEVEEL*	(1)
116 Jeremia 2:3	die EERSTE woord	*ISRAEL*	(1)
117 Eksodus 23:14	die TWEEDE woord	*MAAL*	(1)
118 Johannes 1:48	die NEGENDE woord	*VOORDAT*	(1)
119 Jesaja 46:1	die DERDE woord	*INEENGESTORT*	(1)
120 Rut 1:4	die VIERDE woord	*HET*	(1)
121 Daniël 12:12	die VIERDE woord	*GAAN*	(1)
122 Romeine 11:16	die TWEEDE woord	*DIE*	(1)

123 Handelinge 22:29	die SESDE woord	***MOES***	(1)
124 Matteus 1:17	die EERSTE woord	***ALTESAAM***	(1)
125 Amos 1:7	die SESDE woord	***MURE***	(1)
126 Galasiërs 5:1	die SESDE woord	***OM***	(1)
127 2 Konings 2:5	die VIERDE woord	***JERIGO***	(1)
128 **Vraag** *(formuleer 'n vraag na aanleiding van bostaande antwoorde)*	***Hoeveel maal altesaam moes Israel om Jerigo gaan voordat die mure inmekaargestort het?*** *(Opmerking: die posisie van woorde in die sin, bv. "altesaam"maak nie saak nie – solank al dertien woorde 'n vraag vorm soos bostaande vraag)*		(1)
129 **Antwoord** *(gee die antwoord op bostaande vraag)*	***Dertien maal (een keer elk vir ses dae, plus sewe maal op die sewende dag)***		(1)